

## **DIE NUWE TESTAMENTIESE BEGRIP VAN STRAFGERIG**

Majuba Konsilie 2013  
Dr Ronnie van der Merwe

Wanneer ons kyk deur die oë van vandag se Christengelowiges moet ons die geestesmileu in ag neem waarin die Evangelie van Christus verkondig word. Dit is buite die verwysingsraamwerk van die meeste gelowiges dat God (JHWH) nog deur Sy Seun mense sal straf.

Ons moet dus begin by die Waarheid. So het Jahshua (Jesus) gesê, Hy het gekom om vir die Waarheid te getuig. Pilatus het Hom gevra "Wat is Waarheid"? Die volle waarheid oor Christus (ons Messias) se Evangelie is vandag skaars.

Wanneer straf ter sprake is, is wanoptrede die oorsaak daarvan. Dis 'n regsbeginsel. Om wanoptrede te bewys moet daar 'n reël of 'n wet wees waarteen die optrede gemeet kan word. Want God is regverdig!

Dit bring ons by die vraag nl.: Is God (JHWH) se Wet nog geldig?

Indien Sy Wet opgehef is, kan daar vandag geen oortreding meer wees nie en sal straf nie meer in ons dag ter sprake wees nie.

Dit is nie te betwyfel dat die Wet in die Ou Testamentiese periode as norm vir gehoorsaamheid voorgehou was nie.

Wat Skrif-kritici vandag as "vars" navorsing beskou is: of God (JHWH) betrokke is by rampe wat as strafgerig voorgehou word? Daar is 'n leerskool wat reken dat die moontlikheid bestaan dat rampe maar bloot net plaasgevind het en dat die ou volk van Israel hulle God (JHWH) binne 'n mitologiese verwysingsraamwerk aanbid het en hierdie rampe dan as strafgerig beskou het.

Daar word selfs deur sommige beweer dat ook die Nuwe Testamentiese skrywers mitologiese denkbeelde openbaar. Wanneer die beoordeelaars van die Skrif ons tot hierdie donker dieptes laat daal - dan gee God (JHWH) die antwoord - Hy gee die onderskeiding tussen die Enige God, die Alfa en die Omega en die mitologiese figure nl. die afgode. Hy gee die toets in Jes. 44:7c, nl.: "En laat hulle die toekomstige dinge en wat sal gebeur, te kenne gee." Jes. 44:24 - 26 "Ek is die HERE (JHWH) wat alles volbring... wat die woord van Sy kneg vervul en die voorsegging van Sy boodskappers volbring."

So sê Hy ook vir Sy volk. "Omdat ek geweet het dat jy halstarrig is en jou nek ystersening is, en jou voorhoof koper, daarom het EK dit jou lank vantevore verkondig; voordat dit gekom het, het ek jou dit laat hoor, dat jy nie nou sê: My afgod het dit gedoen, of my gesnede beeld of my gegote beeld het dit beveel nie" (Jes. 48:4, 5). Die EEN wie hier spreek bevestig as Hy sê EK is die EERSTE, ook is EK die LAASTE, ook het MY HAND die aarde gegrond en My regter HAND die hemele uitgesprei; as Ek hulle roep staan hulle daar almal saam (Jes. 48:12b, 13). Dis ook Hy van WIE die apostel Johannes praat wanneer hy sê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God (Joh. 1:1). "Alle dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Joh. 1:3). Dis Hy, die SEUN van die mens, van WIE die apostel Johannes skryf: "...en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie skrik nie, Ek is die EERSTE en die LAASTE" (Openb. 1:17b).

Die Bestuur van die aarde en sy bewoners is in die Ou- en Nuwe Testamentiese tyd in dieselfde HANDE. Die Bestuur en die Bestuurder is nie 'n mite nie en is deurgaans dieselfde Skepper van hemel en aarde.

Ons sien duidelik dat Wetsoortreding en die daaropvolgende strafgerig vooruit vir die volk gesê is. Strafgerig volg sonde wat die oortreding van JHWH (God) se Wet is. Hierdie Wet bestaan steeds en is nie afgeskaf nie (Luk. 16:17).

Daar is twee soorte strafgerigte, nl.:

(a) Vir die wat nie onder die Wet is nie en

(b) vir die wat onder die Wet is.

Almal is in JHWH (God) se diens en Hy is soewerein en tree op soos Hy wil. Hy sê vir Moses: "...Ek sal genadig wees vir wie Ek wil genadig wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm" (Ex. 33:19b; Jer. 27:5; Rom 9:15). In JHWH (God) se besluite het geen mens 'n reg nie.

(a) Vir die volke wat nie onder die Wet is nie is die straf finaal - daar word vir hulle geen remedie aangebied nie. JHWH (God) gebruik hulle as strafroedes teen Sy volk maar omdat hulle die Hoeder van Israel nie bemerk nie, word hulle met hul drekgode beskaam en uitgeroei (bv. Jer. 30:16; Jer. 46 - Jer. 50). Ons vind ook nie in die Woord dat ander volke as volke onder die Wet gebring word nie. (Individue binne ander volke mag wel die Lewende GOD (JHWH) ken soos bv. Jetro en Bileam in Midian maar dit het nie die volk se uitwissing voorkom nie.)

(b) Vir Sy volk word elke vooruitskouing van strafgerig vergesel met 'n smeking om terug te keer tot die Wet. Elke vooruitskouing van strafgerig gaan gepaard met die belofte van genade wat weer betoon sal word.

Vir Sy Huis sê JHWH (God) met die smarte van 'n VADER: "Want so dikwels as ek teen hom spreek, dink en nog altyd aan hom; daarom is My ingewande oor hom in beroering; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm" (Jer. 31:20b), "...maar Ek sal jou tugtig ..." (Jer. 30:11b). Deurgaans deur die Ou Testament vind ons hierdie wroeging by ons Hemelse VADER wanneer Hy Sy volk en individue van Sy volk (Huis) moet straf. Hy sê: "Sion sal deur strafgerig verlos word ..." (Jes. 1:27).

Hierdie selfde droefheid sien ons met die Messias (Christus) se intog in Jerusalem: "En toe hy naby die stad kom en die stad sien het Hy daaroor geweene en gesê - Ag as jy maar geweet het... die dinge wat tot jou vrede dien. Maar nou is dit vir jou oë bedek" (Luk. 19:41, 42). Hulle het nie bemerk dat God (JHWH) in hulle midde is nie.

Oor hierdie droefheid van ons Vader wat gepaard gaan met die tugtiging van Sy volk sê die Skrif: "die HERE (JHWH) tugtig dié wat Hy liefhet" (Spr. 3:12). Job sê: "Kyk, gelukkig is die man wat God kasty en verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie. Want Hy doen smart aan maar verbind ook; Hy verbrysel, maar Sy Hande maak gesond" (Job. 5:17, 18). In hierdie besef en begrip sê hulle wat die HERE (JHWH) liefhet en begeer om Hom te behaag: "Tugtig my, HERE, maar met mate, nie in U toorn nie, dat U my

nie te klein maak nie" (Jer. 10:24). Tugtig ons - tugtig my HERE (JHWH), maar help my dat ek nie beswyk nie.

Wat vind ons in die Nuwe Testament?

Ons vind 'n voortsetting van tugtiging onder die Wet en ook van ewige straf.

Reeds vroeg het die HERE (JHWH) daarvoor voorsiening gemaak dat die onderhouding van die Wet wat op kliptafels geskryf was Hom droefheid gaan toebting want alleenlik deur die Wet sou Sy volk kon lewe tot Sy welbehae (Lev. 18:5; Luk. 10:28; Gal. 3:12). Die HERE (JHWH) het toe vooruit aangekondig dat Hy die Verbond gaan verbeter. Hy gaan wetsonderhouding vir Sy volk makliker maak met 'n NUWE VERBOND. Dit sou meebring dat hulle sou kon voldoen aan die vereistes van die Wet deur die geloof. Omdat hulle deur hierdie geloof alleen aan die vereistes van die Wet sou kon voldoen sou hulle deur hierdie geloof alleen kon lewe (Hab. 2:4b; Gal. 3:24 - 26; Hebr. 10:38).

Tevergeefs het die HERE (JHWH) Sy volk getugtig - hulle het die tugtiging nie aangeneem nie. Hulle het nie begryp dat die HERE (JHWH) se tugtiging gespruit het vanuit Sy liefde vir hulle nie (Sag. 7:9 - 14). Toe het die HERE (JHWH) hulle verstrooi onder die nasies maar tog weer in Sy ewige liefde vir Sy volk belowe dat Hy hulle self weer sal bymekaar maak.

Toe stuur God (JHWH) Sy Seun as die NUWE VERBOND vir hulle wat onder die Wet is om strafgerig af te wend, want Sion sal deur strafgerig verlos word! Die uitverkorenes van Sy verstrooide volk sou weer deur Hom versamel word en deur Hom in staat gestel word om te voldoen aan die vereistes van die Wet deur die geloof (Jes. 42:1 - 7; Jes. 49:1 - 8; Jes. 54:7; Jer. 23:3 - 8; Sag. 6:12; Sag. 10:6 - 12; Joh. 11:50 - 52).

Ons moet nou die NUWE VERBOND begryp om straf in die nuwe tydperk in verband te bring met die vereistes van die Wet.

God (JHWH) kom deur Sy Seun Jesus Christus (Jahshua Messias) na die wêreld. Hy is sonder sonde d.w.s. sonder enige wetsoortreding. Dus kom vervul Hy die Wet d.w.s. voldoen volkome aan die vereistes van die Wet.

Hy bied Homself aan om verbrysel te word en te laat offer en Sy bloed te stort om as Sondelose in te staan as 'n ewige offer vir die wetsoortreding van hulle wat onder die Wet is en wat verordineer is om weer opnuut as God (JHWH) se volk vanuit die verstrooiing geroep te word.

Nou het God (JHWH) dit moontlik gemaak vir dié wat hy daartoe verordineer het om Sy Wet volkome te kan onderhou.

Wat is daarvoor nodig:

1. Glo en bely dat hierdie Jesus (Jahshua) die Seun van God (JHWH) is.
2. Glo dat Hy Homself as sondelose offer daargestel het waarop hulle wat onder die Wet is, hulle kan beroep wanneer die Wet oortree word.
3. Glo in Sy belofte dat jou wetsoortreding (sonde) deur Sy offerbloed bedek sal word wanneer jy dit bely en om vergifnis vra.

Verder word wetsonderhouding maklik gemaak, nl.:

4. Jy moet glo dat hierdie Jesus (Jahshua) fisies opgestaan het uit die dood en dat Hy opgevaar het na die Hemel om as Priester/Koning vir jou as Middelaar voorspraak te doen by ons ALMAGTIGE VADER en Sy ewige offer vir jou wetsoortreding aan te bied wanneer jy daarvoor sal vra (Hebr. 5:5 - 10; Hebr. 6:20; Hebr. 7:17, 21; Hebr. 7:28).

5. Indien jy die onbeskryflike genade deelagtig is om 'n uitverkorene te wees, sal Hy jou 'n hartsverandering gee deur Sy Wet in jou hart te skrywe sodat jy tussen reg en verkeerd ooreenkomstig die Wet kan onderskei. Hierin sal Hy jou bystaan deur Sy Gees in jou hart uit te streef om jou die begeerte toe te deel om die onderhouding van die Wet na te streef en jou gewete op te skerp sodat jy wanneer jy die Wet oortree dit sal begryp en gedring sal word om dit te bely en jou te beroep op Sy offer (Joh. 15:26, 27).

Dit is die NUWE BEDELING wat God (JHWH) geskep het. Dit is die WAARHEID waarvan Christus voor Pilatus melding maak. Hierdie bedeling het, te midde van Sy smarte aan die vloekhout, vir Hom vreugte gebring sodat Hy die teregstelling verdra het en die skande, wat Hom aangedoen is, verag het (Hebr. 12:2).

In hierdie bedeling onder die Wet is daar twee weë bevestig, nl.:

- i) Die van uitverkoreneheid en
- ii) die van verworpenheid. (Matt. 20:16; Matt. 24:24b; Joh. 6:44; Joh. 8:47; Joh. 12:37 - 41; Joh. 15:16, 19; 1 Petr. 2:7 - 10; 2 Tim. 2:19a).

Hier sny die Wet ook. Die wat sonder die Wet is, sal sonder die Wet verlore gaan en die wat onder die Wet is sal deur die Wet geoordeel word (Matt. 19:17b; Rom. 2:12, 13) as uitverkorenes of verworpenes.

Slegs diegene wat beskore is om hulle te beroep op God (JHWH) se remedie teen wetsoortreding, nl. die geregtigheid van Christus, sal deur dié geloof lewe. "Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word..." (Joh. 10:9a). "Maar julle glo nie, want julle is nie van My skape nie..." (Joh. 10:26). Die wat nie uitverkies is nie kan nie glo nie. Hulle sal selfs soms voorspoedig gemaak word met geen kwellings en hulle verlustig hul met vettigheid, word trotsaards wat hul mond teen die Allerhoogste verhef. Dit is gladde plekke wat God (JHWH) stel sodat hulle in puin sal verval waarvoor hulle verordineer is (Ps. 73).

Aan wie behoort die uitverkiesing dan en hoe handel God (JHWH) met die uitverkorenes en die verworpenes?

Hulle is gebore uit dieselfde vlees uit wie Christus gebore is (Rom.9:5). Dis hulle vir wie die Wet gegee is, die beloftes en aan wie die verbonde voorgehou is. Maar hierdie vlees-geboreneheid is nie vir almal 'n universele waarborg om uitverkies te wees nie (Rom.9:8). Die volk van God (JHWH) sal slegs herstel word deur hulle wie die NUWE VERBOND onderteken met die besnydenis van hul harte (Rom. 5:1, 2). So sal net 'n klein oorblyfsel van die miljoene van Israel se verstrooides oor die wêreld versamel word (Rom. 9). Dus as julle aan Christus behoort (dan weet julle) julle is die nageslag van Abraham (uitverkies) en volgens die belofte (van dié NUWE

VERBOND) erfgename (Gal. 3:29). Hierdie mense behou nog die Wet as tugmeester sodat hulle hul kan beroep op die skuldvereffening van Christus (Gal. 3:24) om sodoende vrygespreek te word van die tug van die tugmeester (Gal. 3:25).

Die uitverkorenes verkeer dus onder getugtig. Daarom sê Job: "Gelukkig is die man vir wie God (JHWH) kasty" (Job. 5:17, 18). Die HERE (JHWH) tugtig die wat Hy liefhet en Hy gésel elke seun wat Hy aanneem (Hebr. 12:6). As julle sonder tugtiging is... dan is julle onegte kinders (dus nie uitverkies nie) (Hebr. 12:8). Hy tugtig ons tot ons beswil sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word sodat ons Sy vlees kan eet en Sy bloed kan drink - as lote van die wingerdstok. Elke tugtiging is 'n saak van droefheid..., maar lewer die vreugdevolle vrug van geregtigheid (Hebr. 12:10, 11). Dus tugtiging dwing ons as uitverkorenes om ons te wend tot die genadige soenverdienste van Christus omdat Hy die Wet kon volbring en ons deur Sy offerbloed ook in volle geregtigheid voor die Wet gebring kan word. Dit bevestig Christus aan Johannes in Openb. 3:19, nl.: "Almal wat ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees ywerig en bekeer jou." So word die ongelowige uitverkorene dan getugtig sodat hy/sy tot bekering kan kom (1 Petr. 4:1, 2) en die gelowiges beproef sodat lydszaamheid tot volle verwerkliging kan kom sodat ons volmaak en sonder gebrek kan word (Jak. 1:2,3,4) sodat ons die sondelose Beeld van Christus kan nastreef (1 Thess. 4:3a; Rom. 13:14).

God (JHWH) maak nog steeds bemoeienis met Sy uitverkorenes in groep-, volks- of gemeente verband. So stuur Hy vir die apostel Johannes na die sewe gemeentes met lofprysing, teregwyding en waarskuwing (Openb. 2 en Openb. 3). Christus sê Hy is die wynstok en ons die lote. In groepsverband sal dan vrug gedra word as die lote in Hom bly. Hierdie vrug sal gedra word as ons Sy gebooi bewaar. Die teken hiervan sal wees dat ons mekaar sal liefhê (Joh. 15:5 - 12).

MAAR wanneer die lote in Hom nie bly nie en die vrug van die liefde nie dra nie, word dit uitgewerp en verdroog. So gee die profeet Jesaja (Jes. 18) 'n vooruitskouing van 'n eens magtige volk in die suide van Afrika wat die HERE (JHWH) ken, maar sy lote sal weggekap word. Tog sal die volk weer tot inkeer kom en die HERE (JHWH) se aangesig soek.

Dit is hierdie selfde volk in die suide van Afrika wat deur die profeet Sefanja as die HERE (JHWH) se aanbidders en Sy verstrooide gemeente beskryf word. Nadat die HERE (JHWH) alle trotsaards en hoogmoediges verwyder het en die gemeente gestroop het van hoogmoed sal Hy in Sy grote genade 'n ellendige en armoedige klompie laat oorbly wat Hy nou 'n volk noem, wat by Sy Naam sal skuiling soek (Sef. 3).

Ook hier het ons dan strafgerig, met 'n doop van droefheid, smarte met die doel om terug te roep en te herstel, maar om ook die offer van geloofgetuïenis te bring. Bloedrivier en Paardekraal pas in hierdie senario.

Ten laaste:

Daar sal deur die eeue vir die uitverkorenes van die HERE (JHWH) groot swaarkry wees. Ons sal deur die wêreld gehaat word omdat die wêreld Christus haat (Joh. 15:18). Hy gee die groot belofte: "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele

van God" (Luk 12:8). "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak nie" (Luk. 12:1). Hierdie swaarkry is nie tugtiging nie, maar sal geleentheid gee tot getuienis vir die WAARHEID. Maar dis ook 'n skeiding tussen koring en kaf. Hier sal dan ook nog vele wees wat hulle onherkenbaar by Sy volgelingen geskaar het, maar wat Hom dan sal verloën (Luk. 9:23 - 26; Luk. 12:9).

Vir Sy gereddes praat Hy moed in: "In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Joh. 16:33).